

## **Donderdag 1 Desember**

*Skrifgedeelte: Openbaring 4:1-11*

*Fokusgedeelte: Openbaring 4:1, 2*

*Hoor en kyk: In die hemel sit God Drie-enig op die troon en regeer!*

Gaan jy hierdie maand met baie angste tegemoet? Baie keer voel mens dat al jou sorge, bekommernisse en benoudhede jou so omring dat dit vir jou voel dat jy tussen vier mure vasgedruk word en dat daar geen uitgangsdeur of uitkykvenster is nie! Die politiek, huwelikslewe, jou kind wat op 'n verkeerde pad loop ...

Openbaring 4:1: *“Ná hierdie dinge het ek gesien – kyk, ’n geopende deur ...”* Hierdie “dinge” waarna verwys word, is die gemeente-omstandighede van Openbaring 2 en 3. Satansverleidinge, dwaalleraars, vervolginge ...! En Johannes is vasgevang op die eiland Patmos. Maar dáár maak die Here sy ore en oë oop dat hy kan hoor en sien wat en Wie die uitkoms is.

Johannes hoor ’n klinkklare, helder stem: *“Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur.”* God is aan die werk, waghoudend oor die wêreldgebeure, die kerk en oor jóú! Hy bestuur gebeure tot ’n finale ontknoping. Hy nooi uit: Kom kyk met ’n geloofsoog die salige uiteinde wat God bewerk.

Johannes sien Één wat regeer! Die majestieuse beeld van God wat op die troon sit, word beskryf met beelde van kleurrike skepsels:

- Jaspiswit-steen – Toonbeeld van skoon, sonder vlek of rimpel – só is God!
- Sardiusrooi-steen – Toonbeeld van lewegewende bloed – só is God ook. Hý gee lewe en hou dit vir die gelowige ewig in stand.
- ’n Veelkleurige reënboog, teken van God se verbondstrou.

Die Noagsreënboogteken het ’n begin en einde. Maar híérdie reënboog het geen einde nie, dis reg rondom God se troon. Dus: Vanwaar God op sy troon sit en regeer, sien Hy voortdurend sy teken van die verbonde wat Hy met ons gesluit het, raak. Hy sien die belofte raak dat Hy deur Jesus Satan se kop vermorsel het. Hy sien raak dat Hy gesê het dat Hy ons Vader is, en ons sy kinders. Hy sien raak dat Hy vir ons vashoudend sal sorg en dat die poorte van die hel die kerk nie sal oorweldig nie. Wat ’n trooswoord: Johannes *hoor* en *sien* te midde van die aardse stryd en bekommernisse deur die geopende deur vir Gód wat regeer, raak ... God wat voortdurend aan sy beloftes van verlossing dink!

*Sing: Psalm 100-1:1-4*

*Ds. AH Stavast (Arie) (Pretoria/Kroonstad)*